AMALGAMATED ELECTRONIC CORPORATION LIMITED
("AMECOR")
(Geïnkorporeer in die Republiek van Suid-Afrika)
(Registrasienommer 1997/010036/06)
Aandelekode: AER ISIN: ZAE000070587
("die Groep")

SAAMGEVATTE GEKONSOLIDEERDE NAGEGANE RESULTATE VIR DIE JAAR GEËINDIG 31 MAART 2008;

AANKONDIGING VAN DIE VERKRYGING VAN 50,1% VAN DIE PDS-GROEP; EN

TERUGTREKKING VAN DIE OMSIGTIGHEIDSAANKONDIGING







SAAMGEVATTE GROEPINKOMSTESTAAT

	Twaalf maande geëindig 31 Maart 2008 (Nagegaan) R000'e	Twaalf maande geëindig 31 Maart 2007 (Geouditeer) R000'e
Inkomste	**42 188**	38 000
Verdienste voor rente, belasting, waardevermindering en amortisasie ("VVRBWA")	**20 376**	18 518
Netto rente ontvang	**1 392**	572
Waardevermindering en amortisasie	**(1 015)**	(720)
Wins voor belasting	**20 753**	18 370
Belasting	**(4 983)**	(4 582)
Wins toeskryfbaar aan aandeelhouers	**15 770**	13 788
Wesensverdienste per aandeel (sent)	**23,0**	20,1
Verdienste per aandeel (sent)	**23,0**	20,1
Uitgereikte aandele (000'e)	**74 046**	74 046
Aanpassing vir tesourieaandele gehou	**(5 520)**	(5 516)
Uitgereikte aandele – geweegde gemiddeld (000'e)	**68 526**	68 530
Wesensverdiensterekonsiliasie		
Verdienste toeskryfbaar aan aandeelhouers	**15 770**	13 788
Wesensverdienste	**15 770**	13 788

SAAMGEVATTE GROEPBALANSSTAAT

	31 Maart 2008 (Nagegaan) R000'e	31 Maart 2007 (Geouditeer) R000'e
Nie-bedryfsbates	**52 356**	48 803
Eiendom, masjinerie en toerusting	**2 623**	2 191
Ontasbare bates	**49 733**	46 612
Bedryfsbates	**28 348**	20 454
Kontant en kontantekwivalente	**15 343**	11 991
Ander bedryfsbates	**13 005**	8 463
Totale bates	**80 704**	69 257
Kapitaal en reserwes		
Aandeelhouersekwiteit	**75 981**	64 658
Nie-bedryfslaste		
Uitgestelde belasting	**643**	483
Bedryfslaste		
Krediteure	**4 080**	4 116
Totale ekwiteit en laste	**80 704**	69 257
Tasbare netto batewaarde per aandeel (sent)	**38,3**	26,3
Netto batewaarde per aandeel (sent)	**110,9**	94,4

SAAMGEVATTE GROEPKONTANTVLOEISTAAT

	Twaalf maande geëindig 31 Maart 2008 (Nagegaan) R000'e	Twaalf maande geëindig 31 Maart 2007 (Geouditeer) R000'e
Kontant behou uit bedryfsaktiwiteite	**7 924**	5 991
Netto inkomste voor belasting, aangepas vir waardevermindering en amortisasie	**21 768**	20 216
Bewegings in bedryfskapitaal	**(3 784)**	(4 873)
Belasting betaal	**(5 617)**	(5 225)
Dividende betaal	**(4 443)**	(4 127)
Kontant aangewend deur beleggingsaktiwiteite	**(4 572)**	(4 094)
Kontant aangewend deur finansieringsaktiwiteite	**–**	(4)
Netto bewegings in kontantsaldo's	**3 352**	1 893
Kontant en kontantekwivalente aan begin van tydperk	**11 991**	10 098
Kontant en kontantekwivalente aan einde van tydperk	**15 343**	11 991

GROEPSTAAT VAN VERANDERINGE IN AANDEELHOUERSEKWITEIT

	Uitgereikte kapitaal R000'e	Aandele-premie R000'e	Aandele uit te reik R000'e	Uitkeerbare reserwe R000'e	Totaal R000'e
Saldo op 1 April 2006	673	68 973	11 655	(14 200)	67 101
Dividende betaal	–	–	–	(4 127)	(4 127)
Uitreiking van aandelekapitaal	67	5 197	(11 655)	–	(6 391)
Tesourieaandele	(55)	(5 658)	–	–	(5 713)
Wins toeskryfbaar aan aandeelhouers	–	–	–	13 788	13 788
Saldo op 1 April 2007	685	68 512	–	(4 539)	64 658
Dividende betaal aan aandeelhouers	–	–	–	(4 443)	(4 443)
Tesourieaandele	–	(4)	–	–	(4)
Wins toeskryfbaar aan aandeelhouers	–	–	–	15 770	15 770
Saldo op 31 Maart 2008	**685**	**68 508**	**–**	**6 788**	**75 981**

BESTUURSKOMMENTAAR

Amecor en sy filiale se hoofbesigheid bestaan uit die vervaardiging en verskaffing van die volgende produkte en verwante dienste:
- kort en langafstand digitale gesintetiseerde radiosenders;
- gerekenariseerde radio- en GSM-herhalernetwerke;
- hoëspoedradio- en GSM-modems;
- wagmoniteringstoerusting;
- 'n reeks unieke GSM-gebaseerde toerusting wat geïntegreer is met hoëspoedradionetwerke ter fasilitering van seintransmissie wêreldwyd;
- 'n nuwe reeks van indringertoerusting spesifiek ontwerp vir lae-inkomstehuishoudings; en
- die besit en bedryf van gelisensieerde dataradionetwerke dwarsoor Suid-Afrika.

Finansiële oorsig
Inkomste vir die oorsigtydperk het met R4,2 miljoen of 11% toegeneem in vergelyking met F2007. Verdienste per aandeel het met 14,4% jaar-op-jaar toegeneem tot 23 sent per aandeel. 'n Toename in kontant voorhande van R3,4 miljoen tot R15,3 miljoen (F2007 – R12,0 miljoen) is in F2008 bereik.

Bedryfsoorsig
Die Groep het 'n aantal nuwe produkte, wat bygedra het tot die toename in omset, vrygestel.

Elektrisiteitsvoorsiening
Die Groep was gelukkig dat kragonderbrekings nie gelei het tot beduidende ledige tyd in produksie nie. 'n Ononderbroke kragvoorsieningseenheid word in bedryf gestel om te verseker dat enige toekomstige elektrisiteitsvoorsieningsonderbrekings nie 'n negatiewe impak op produksie sal hê nie.

Gebeurlikheidsuitreikbare aandele
'n Dispuutresolusiearbitrasie, soos in vroeëre aankondigings gerapporteer, is bepaal en sal in Oktober 2008 beregtig word, wat die hoeveelheid (indien enige) bykomende aandele wat toegeken moet word, sal bepaal.

Produkontwikkeling
Benewens die nuwe produkte wat in die 2008 finansiële jaar bekend gestel is, sal FSK die nuwe reeks radiotoerusting uitbrei en die produkaanbieding in F2009 uitbrei. Die Groep sal steeds in navorsing en ontwikkeling belê en hoëgehalteprodukte op plaaslike en internasionale markte plaas.

Kapitale verpligting
Die Groep se deurlopende navorsing en ontwikkeling van nuwe produkte sal sy posisie as 'n markleier in elektroniese vervaardiging en tegnologie verseker. Gevolglik het Amecor 'n verdere R2,5 miljoen toegewys aan produkontwikkelingskoste vir die volgende finansiële jaar.

AANTEKENINGE BY DIE SAAMGEVATTE GEKONSOLIDEERDE NAGEGANE FINANSIËLE STATE

1. Beduidende rekeningkundige beleide
Amecor is 'n maatskappy wat in Suid-Afrika gedomisilieer is. Die saamgevatte gekonsolideerde nagegane finansiële state van Amecor vir die twaalf maande geëindig 31 Maart 2008 omvat die Maatskappy en sy filiale (gesamentlik na verwys as die "Groep").

Die saamgevatte gekonsolideerde nagegane finansiële state is op 23 Junie 2008 deur die direkteure gemagtig vir uitreiking.

1.1 Verklaring van voldoening
Die saamgevatte gekonsolideerde nagegane finansiële state is opgestel ooreenkomstig die meting- en erkenningsvereistes van die Internasionale Finansiële Rapporteringstandaarde ("IFRS") en die aanbieding en verklaringsvereistes van IRS 34 en die Suid-Afrikaanse Maatskappywet. Die saamgevatte gekonsolideerde finansiële state sluit nie al die inligting in wat vir volledige finansiële state vereis word nie en moet saamgelees word met die gekonsolideerde finansiële jaarstate vir die jaar geëindig 31 Maart 2008, soos uiteengesit in die 2008-jaarverslag.

Die beramings en onderliggende veronderstellings word op 'n deurlopende basis hersien. Hersienings van rekeningkundige beramings word erken in die tydperk waarin die beraming hersien is indien die hersiening slegs daardie tydperk raak, of in die tydperk van die hersiening en verdere tydperke indien die hersiening beide die huidige en toekomstige tydperke raak.

Die rekeningkundige beleid van die Groep stem ooreen met die vorige jaar se geouditeerde finansiële jaarstate.

1.2 Opstellingsbasis
Amecor pas IFRS toe in die opstel van sy rekeninge. Die saamgevatte finansiële state is opgestel ooreenkomstig die Noteringsvereistes van die JSE Beperk.

2. Oorsig van resultate
Mazars Moores Rowland het 'n onveranderde nagaanmening oor die saamgevatte gekonsolideerde finansiële state onderteken, soos vereis deur die JSE. Hierdie finansiële state is deur die direksie goedgekeur en saamgevat vir doeleindes van hierdie verslag. Die ouditeure het die saamgevatte gekonsolideerde finansiële state nagegaan. Beide die ouditeure se mening en die saamgevatte gekonsolideerde finansiële state is ter insae beskikbaar by die Maatskappy se geregistreerde kantoor.

3. Netto batewaarde ("NBW") per aandeel

Netto batewaarde (gewone kapitaal en reserwes) (R000'e)	75 981
Ontasbare bates (gekapitaliseerde ontwikkelingskoste en klandisiewaarde)	(49 733)
Tasbare netto batewaarde ("TNBW") (R000'e)	26 248
Totale getal uitgereikte aandele (000e) (na aftrekking van tesourieaandele – 5 520 000)	68 526
NBW per aandeel (sent)	**110,9**
TNBW per aandeel (sent)	**38,3**

4. Segmentontleding
Die Groep se besigheidsegmente en segmentinligting aangebied in die saamgevatte gekonsolideerde nagegane finansiële state is die primêre basis van segmentverslagdoening. Die besigheidsegmentverslagdoeningsformaat toon die Groep se bestuur en interne verslagdoeningstruktuur. Intersegmenttransaksies word onder beding van uiterste bepalings en voorwaardes afgehandel.

	Korporatiewe kantoor R000'e	Produksie en verkope R000'e	Netwerk- en annuïteits-inkomste R000'e	Uitskakelings R000'e	Gekonsolideer R000'e
Inkomste	8 947	30 087	11 160	(8 006)	42 188
Wins voor belasting	2 754	13 217	8 552	(3 770)	20 753
Wins toeskryfbaar aan aandeelhouers	3 128	9 852	5 760	(2 970)	15 770
Bates	64 821	33 472	10 373	(27 962)	80 704
Laste	(17 997)	(13 658)	(479)	27 411	(4 723)

5. Verwantepartytransaksies
5.1 Tisec Management Services (Proprietary) Limited ("TMS") onderhuur persele geleë te Resource House, Springstraat 7, Rivonia van Whirlprops 35 (Proprietary) Limited, 'n maatskappy wie se direkteur ook 'n direkteur en aandeelhouer van Amecor is.
5.2 Die FSK Electronics, Sabre Radio Networks, Greater Gauteng Alarm Networks FSK Alarmnet en Sabre Networks (FSK-groep) huur sy perseel van Switch Security (Proprietary) Limited, 'n maatskappy wie se direkteur ook 'n direkteur van FSK en 'n aandeelhouer van Amecor is.
5.3 Behalwe soos verklaar in aantekeninge 5.1 en 5.2 hierbo, was daar geen beduidende transaksies met verwante partye nie.

6. Nabalansstaatgebeure
Ná die jaareinde het die Maatskappy 'n ooreenkoms aangegaan met die aandeelhouers van die PDS-groep, bestaande uit Power Development Services (Proprietary) Limited ("Power"), Durapower Manufacturing (Proprietary) Limited ("DM") en Gillespie Diesel Services Close Corporation ("GDS") om 'n aandeelhouding van nagenoeg 50,1% in die PDS-groep te verkry. Die besonderhede van die transaksie word hieronder aangegee.

	Power Development Services (Proprietary) Limited R000'e	Dura-power Manufacturing (Proprietary) Limited R000'e	Gillespie Diesel Services Close Corporation R000'e	Totaal R000'e
Bates en laste verkry				
Bates	16 343	4 078	14 211	34 632
Eiendom, masjinerie en toerusting	1 038	22	409	1 469
Kontant verkry	1 406	512	4 091	6 009
Voorraad	1 914	2 083	4 300	8 297
Debiteure	10 533	1 461	5 411	17 405
Lenings ontvangbaar	1 452	–	–	1 452
Laste	8 243	1 435	9 417	19 095
Handels- en ander krediteure	6 196	1 414	7 329	14 939
Langtermynlenings	655	–	49	704
Aandeelhouerslenings	1 392	21	2 039	3 452
Netto batewaarde	8 100	2 643	4 794	15 537
% andeelhouding verkry	50,2	50,3	50,1	50,1
Aandeelhoudingswaarde	4 066	1 329	2 402	7 797
Klandisiewaarde[2]	4 116	1 345	2 432	7 893
Totale teenprestasie betaalbaar[1]	8 182	2 674	4 834	15 690

Aantekening
1. *Die koopteenprestasie van R15 689 603 sal soos volg afgelos word:*
   - *R12 551 682 (twaalfmiljoen vyfhonderd-een-en-vyftig duisend seshonderd twee-en-tagtig rand) in kontant betaalbaar; en*
   - *R3 137 921 (driemiljoen eenhonderd sewe-en-dertig duisend negehonderd een-en-twintig rand) sal afgelos word deur die uitgifte van sodanige getal Amecor gewone aandele teen 'n uitgifteprys gelyk aan die 30-dag geweegde gemiddelde JSE-verhandelingsprys, nadat al die opskortende voorwaardes nagekom is.*
2. *Die koopprystoewysingswaardering is nog nie voltooi nie. Die totale ontasbare batewaarde is daarom voorlopig aan klandisiewaarde toegewys.*

7. Dividend
In vorige jare was dit die Groep se beleid om 'n enkele jaarlikse dividend te betaal en om 'n dividenddekking van drie keer daarop na te hou, na die direkteure se diskresie. Die direkteure het verkies om nie 'n dividend uit te keer vir die jaar geëindig 31 Maart 2008 nie en om die kontantreserwes aan te wend vir die verkryging van 'n aandeelhouding van 50,1% in die PDS-groep.

8. Direkteure
Daar was geen veranderinge in die direksie in die oorsigtydperk nie.

9. Vooruitsig
In die medium termyn sal die verkryging van die PDS-groep Amecor posisioneer om bogemiddelde groei in verdienste per aandeel te behaal. Daarbenewens, met bykomende kapitalisering, sal die verkryging Amecor in staat stel om volle onderhoud- en huuroplossings aan sy klantebasis te bied en dus bykomende herhalende inkomste en finansiële bates op te bou.

DIE VERKRYGING VAN 'N BELANG VAN 50,1% IN DIE PDS-GROEP ("PDS") EN TERUGTREKKING VAN OMSIGTIGHEIDSAANKONDIGING

1. Inleiding
Dit is vir die direksie van Amecor aangenaam om aan te kondig dat hy 'n ooreenkoms aangegaan het met RA Harverson, AL King, S Mackie, PP Malan, JM Bezdek, WG Gillespie, C Maxwell en R Krisch ("die verkopers") vir die verkryging ("die verkryging") van minstens 50,1% van die aandele in die PDS-groep (of "die besigheid") soos volg saamgestel binne die afsonderlike maatskappye ("die transaksie"):

Maatskappy	Registrasienommer	% aandeelhouding verkry
Power Development Services (Proprietary) Limited	1999/007641/07	50,2
Durapower Manufacturing (Proprietary) Limited	1996/015696/07	50,3
Gillespie Diesel Services Close Corporation	2004/044668/23	50,1

2. Koopopsies
Amecor het die opsie verkry om die oorblywende aandele in en eise op leningsrekening teen GDS en DM te verkry, en 'n verdere 24,7% van PDS teen 'n koopprys gebaseer op winste in F2009 en F2010. Hierdie opsie is uitoefenbaar binne 90 dae na finalisering van die PDS-groep se F2010-oudit. Indien Amecor nie sy regte ingevolge hierdie opsie uitoefen nie, sal die verkopers 'n daaropvolgende opsie hê om al Amecor se aandele in en eise op leningsrekening teen die PDS-groep van Amecor terug te koop teen 'n koopprys wat deur Amecor betaal is vir die aandele tesame met rente daarop.

3. Koopteenprestasie van die transaksie
Die koopteenprestasie vir die verkryging is R15 689 603 (vyftienmiljoen seshonderd nege-en-tagtigduisend seshonderd en drie rand) ("die teenprestasie"). Die effektiewe datum van die verkryging is 1 Maart 2008, nieteenstaande die feit dat die ooreenkomste op 24 Junie 2008 onderteken is. As sodanig is die verkryging 'n nabalansstaatgebeurtenis ingevolge IFRS.

Met nakoming van al die opskortende voorwaardes sal die koopteenprestasie soos volg betaal word:
- R12 551 682 (twaalfmiljoen vyfhonderd een-en-vyftig duisend seshonderd en twee-en-tagtig rand) betaalbaar in kontant; en
- R3 137 921 (driemiljoen eenhonderd sewe-en-dertig duisend negehonderd een-en-twintig rand) sal afgelos word deur die uitgifte van sodanige getal Amecor gewone aandele teen 'n uitgifteprys gelyk aan die 30-dag geweegde gemiddelde JSE-verhandelingsprys, nadat al die opskortende voorwaardes nagekom is.
- Daarbenewens sal Amecor 'n lening van R7 337 418 (sewemiljoen driehonderd sewe-en-dertig duisend vierhonderd en agttien rand) op leningsrekening aan die PDS-groep voorskiet. R2 337 418 (tweemiljoen driehonderd sewe-en-dertig duisend vierhonderd en agttien rand) sal aangewend word om verkopers se aandeelhouerseise op leningsrekening te betaal.

4. Beskrywing van die besigheid en rede vir die transaksie
Die verkryging strook met Amecor se strategie soos verklaar in die F2007-verslagtydperk en bring ook 'n aantal sinergieë tussen bedryfsentiteite in die Amecor-groep sowel as geleenthede vir die kruisverkoop van nis elektroniese oplossings en wyer dienste aan 'n wyer klantebasis.

Die verkopers se kernbesighede is
Power Development Services (Proprietary) Limited
Voorsiening, installering en versiening van ononderbroke kragvoorsieningstelsels ("OKV"), opwekkers en geassosieerde hulpkragtoerusting.

Durapower Manufacturing (Proprietary) Limited
Invoer van komponente, montering, verspreiding en verkope van OKV-stelsels en geassosieerde hulpkragtoerusting

Gillespie Diesel Services Close Corporation
Montering, verspreiding en verkoop van dieselkragopwekkers.

Die verkopers se besighede is winsgewend en ideaal geposisioneer vir uitbreiding en verteenwoordig 'n verdiensteverbetering vir Amecor indien dit voldoende gekapitaliseer word. Daarbenewens, met bykomende kapitalisering, sal die verkryging Amecor in staat stel om volledige instandhoudinghuuroplossings aan sy klantebasis te bied en dus bykomende herhalende inkomste en finansiële bates in die medium termyn op te bou.

5. *Pro forma* finansiële inligting
Die ongeouditeerde *pro forma* finansiële uitwerking van die transaksie op Amecor se verdienste per aandeel ("VPA"), netto batewaarde ("NBW") en tasbare netto batewaarde ("TNBW") word hieronder uiteengesit. Die finansiële uitwerking is slegs vir illustratiewe doeleindes opgestel. Omrede die aard daarvan, mag die *pro forma* finansiële inligting dalk nie die Groep se finansiële posisie en resultate van bedrywighede na die verkryging regverdig weerspieël nie. Die ongeouditeerde *pro forma*-inligting is die verantwoordelikheid van Amecor se direkteure.

	Voor die verkryging (sent)[1]	Na die verkryging (sent)[2]	%-verandering
Verdienste per aandeel	23,0	25,8	12,0
Wesensverdienste per aandeel ("WVPA")	23,0	25,7	11,5
Netto batewaarde per aandeel	110,9	117,4	5,9
Tasbare netto batewaarde per aandeel	38,3	47,7	24,5
Getal uitgereikte aandele (aandele)	74 045 562	74 045 562	–
Teasourieaandele (aandele)	5 519 897	2 667 242	(51,7)
Uitgereikte aandele – geweegde gemiddeld (sonder tesourieaandele)	68 525 665	71 378 320	4,2

Aantekeninge:
1. *Die syfers in die "Voor"-kolom is ontleen aan Amecor se nagegane resultate vir die 12 maande geëindig 31 Maart 2008.*
2. *VPA- en WVPA-syfers in die "Na"-kolom is gebaseer op die veronderstelling dat die verkryging op 1 April 2007 plaasgevind het, na inagneming van die volgende aanpassings:*
   a. *2 852 655 aandele teen 110 sent per gewone aandeel is uitgereik as deel van die koopteenprestasie;*
   b. *Geouditeeerde finansiële resultate van die maatskappye wat verkry word vir die jaar geëindig 29 Februarie 2008 is aangepas vir bykomende koste;*
   c. *'n Maatskappybelastingkoers van 29%; en*
   d. *Die pro forma NBW- en TNBW-syfers in die "Na"-kolom is gebaseer op die veronderstelling dat die verkryging op 1 April 2007 plaasgevind het en dat 'n veronderstelde aandeleprys van 110 sent per aandeel gebruik is om die gedeelte van die koopteenprestasie vereffen deur die uitreiking van 2 852 655 Amecor-aandele te bereken.*

Hierdie verkryging is onderworpe aan die nakoming van sekere opskortende voorwaardes, te wete:
- Sluiting van dienskontrakte tussen die maatskappye en die verkopers;
- Sluiting en goedkeuring van die noulettendheidsoudit;
- Sluiting van die SEB-ooreenkoms;
- Die verkryging van betrokke regulatoriese goedkeurings insluitende goedkeuring van die Uitreikersdienste-afdeling van die JSE; en
- Amecor die finansiering om die verkryging te implementeer verkry.

6. Kategorisering van die transaksie
Hierdie is 'n Kategorie 2-transaksie soos gedefinieer in artikel 9.5(a) van die Noteringsvereistes van die JSE Beperk ("Noteringsvereistes"). Die maatskappye wat verkry word sal hul statute wysig om ooreen te stem met Skedule 10 van die Noteringsvereistes.

7. Onttrekking van omsigtigheidsaankondiging
Aandeelhouers word verwys na die omsigtigheidsaankondiging en verdere hernuwing wat ondeskeidelik op 25 April 2008 en 11 Junie 2008 op SENS gepubliseer is. Op grond van die afhandeling van die verkryging op die vooorwaardes waarna in hierdie aankondiging verwys is, is dit nie meer vir aandeelhouers nodig om omsigtig te wees met verhandeling van hul effekte nie.

Namens die direksie

HS Courtney
*Voorsitter**

DH Alexander
Hoof Uitvoerende Beampte

Johannesburg
24 Junie 2008

Direkteure
HS Courtney (Voorsitter)*, DH Alexander, KA Colley, M Noge**, P van Niekerk* *[* nie-uitvoerend, ** onafhanklik nie-uitvoerend]*
Oordragsekretarisse
Link Market Services (Pty) Limited, Diagonaalstraat 11, Johannesburg, 2001 (Posbus 4844, Johannesburg, 2000)
Prokureurs
HR Levin Attorneys, Notaries and Conveyancers, Kentgate, Kentlaan 64, Dunkeld West, 2196 (Posbus 52235, Saxonwold, 2132)
Geregistreerde kantoor
2de Verdieping, Mazars Moores Rowland House, St Davids Place 5, Parktown, 2193 (Posbus 669, Johannesburg, 2000)
Borg
Sasfin Capital, Sasfin Place, Scottstraat13-15, Waverley, 2090 (Posbus 95104, Grant Park, 2051)

FSK ELECTRONICS
FSK ELECTRONICS SA (PTY) LTD

SABRE RADIO NETWORKS
Sabre Radio Networks SA (Pty) Ltd

Besoek ons by www.amecor.com
INNOVERING DEUR TEGNOLOGIE

motiv